"aanvullende prosedure" ook woord- en bladsybeperkings, riglyne, middele vir kommunikasie met die verskaffer en die beregter, en die vorm van dekbladsye deur 'n verskaffer aanvaar om die prosedure aan te vul;

"beregter" 'n geskilbeslegtingsberegter deur 'n verskaffer aangestel om 'n geskil of appèl te beslis;

"beslissing" 'n vasstelling deur 'n beregter gemaak ooreenkomstig hierdie Regulasies;

"dag", tensy anders vermeld, enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag in die Republiek, en het "dae" 'n ooreenstemmende betekenis;

"die Wet" die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);

"klaer" 'n persoon wat 'n geskil kragtens hierdie Regulasies aanhangig maak;

"misbruikende registrasie" 'n domeinnaam wat óf—

(a) geregistreer of andersins verkry is op 'n wyse wat, ten tyde van die registrasie of verkryging, onbillik voordeel getrek het uit of skadelik was vir die klaer se regte; óf

(b) gebruik is op 'n wyse wat onbillik voordeel trek uit of skadelik is vir die klaer se regte;

"omgekeerde domeinnaamkaping" om hierdie Regulasies te kwader trou aan te wend ten einde 'n geregistreerde 'n domeinnaam te probeer ontneem;

"party" 'n klaer of geregistreerde en het "partye" 'n ooreenstemmende betekenis;

"prosedure" die prosedurereëls waarvolgens 'n geskil besleg moet word soos uiteengesit in Hoofstuk III;

"reëls" die reëls vir alternatiewe geskilbeslegting waarvoor Hoofstuk II voorsiening maak;

"regte" en **"geregistreerde regte"** ook, maar nie beperk nie tot, intellektueelgoedere-, handels-, kulturele, taal-, godsdienstige en persoonlike regte wat ingevolge die Suid-Afrikaanse reg beskerm word;

"tweedevlak-domeinadministrateur" 'n entiteit wat deur die Owerheid gelisensieer is, of gelisensieer staan te word, om 'n tweedevlakdomein in die .za-domeinnaamruimte te bedryf;

"verskaffer" 'n geskilbeslegtingsdiensverskaffer met betrekking tot domeinname wat kragtens Hoofstuk IV van hierdie Regulasies deur die Owerheid geakkrediteer is en wie se naam verskyn op die lys geakkrediteerde verskaffers wat die Owerheid op sy webwerf

publiseer; en

"WHOIS-databasis" 'n databasis van kontakbesonderhede met betrekking tot 'n domeinnaam verskaf deur 'n tweedevlak-domeinadministrateur.

Toepassing

2. (1) Hierdie Regulasies kan alles insluit waarvoor artikel 69(3) van die Wet voorsiening maak in verband met 'n domeinnaamgeskil tussen 'n klaer en 'n geregistreerde oor die registrasie en gebruik van 'n Internet-domeinnaam geregistreer in bepaalde tweedevlakdomeine in die .za-domeinnaamruimte, maar uitsluitend tweedevlakdomeinname.

(2) Slegs Internet-domeinname geregistreer in die .co.za-tweedevlakdomein is vatbaar vir alternatiewe geskilbeslegting kragtens hierdie Regulasies.

HOOFSTUK II
Reëls vir Alternatiewe Geskilbeslegting

Geskilbeslegtingsdiens

3. (1) 'n Geregistreerde moet hom of haar aan verrigtinge kragtens die reëls onderwerp indien 'n klaer ooreenkomstig die prosedure aanvoer dat—

(a) die klaer regte ten opsigte van 'n naam of merk het wat identies of gelyksoortig is aan die domeinnaam en die domeinnaam in die hande van die geregistreerde 'n misbruikende registrasie uitmaak; of

(b) die domeinnaam in die hande van die geregistreerde 'n aanstootlike registrasie uitmaak.

(2) Die klaer moet volgens oorwig van waarskynlikheid aan die beregter bewys dat die elemente vereis in subregulasie (1) aanwesig is.

Bewys van misbruikende of aanstootlike registrasies

4. (1) Faktore wat daarop kan dui dat die domeinnaam 'n misbruikende registrasie is, sluit die volgende in:

(a) Omstandighede wat daarop dui dat die geregistreerde die domeinnaam geregistreer of andersins verkry het primêr ten einde—

(i) die domeinnaam aan 'n klaer of 'n mededinger van die klaer of enige derde party te verkoop, te verhuur of andersins oor te dra vir 'n geldwaardige teenprestasie wat die geregistreerde se redelike byonkoste wat regstreeks met die verkryging of gebruik van die domeinnaam geassosieer word, te bowe gaan;

(ii) die registrasie van 'n naam of 'n merk waarin die klaer regte het, opsetlik te blokkeer;

(iii) onbillik die besigheid van die klaer te ontwrig; of

(iv) die klaer te verhoed om sy of haar regte uit te oefen;

(b) omstandighede wat daarop dui dat die geregistreerde die domeinnaam gebruik of geregistreer het op 'n wyse wat mense of besighede onder die indruk bring dat die domeinnaam geregistreer is op naam van, bedryf word of gemagtig is deur, of andersins in verband staan met die klaer;

(c) bewys, tesame met ander omstandighede wat daarop dui dat die domeinnaam in geskil 'n misbruikende registrasie is, dat die geregistreerde patroonmatig betrokke is by misbruikende registrasies;

(d) vals of onvolledige kontakbesonderhede deur die geregistreerde in die WHOIS-databasis verstrek; of

(e) die omstandigheid dat die domeinnaam geregistreer is as gevolg van 'n verhouding tussen die klaer en die geregistreerde, maar dat die klaer—

(i) die domeinnaamregistrasie eksklusief gebruik het; en

(ii) vir die registrasie of hernuwing van die domeinnaamregistrasie betaal het.

(2) 'n Aanstootlike registrasie kan aangedui word deurdat die domeinnaam haat voorstaan wat berus op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens en/of wat aanhitsing om nadeel te veroorsaak uitmaak.

(3) Daar is 'n weerlegbare vermoede van misbruikende registrasie indien die klaer bewys dat daar in minstens drie geskille in die 12 maande wat die indiening van die geskil voorafgaan, bevind is dat die geregistreerde misbruikende registrasies gedoen het.

Hoe 'n geregistreerde kan aandui dat 'n domeinnaam nie 'n misbruikende registrasie is nie

5. Faktore wat daarop kan dui dat die domeinnaam nie 'n misbruikende registrasie is nie, sluit in—

(a) dat die geregistreerde, voordat hy of sy bewus geword het van die gronde van die klaer se klagte—

(i) die domeinnaam in verband met die aanbied in goeie trou van goedere of dienste gebruik het of aantoonbare voorbereidings daarvoor getref het;

(ii) algemeen onder die naam bekend was of wettig verbind is met 'n merk wat identies of gelyksoortig is aan die domeinnaam; of

(iii) wettige niekommersiële of billike gebruik van die domeinnaam gemaak het;

(b) dat die domeinnaam generies of op deskriptiewe wyse gebruik word en die geregistreerde billike gebruik daarvan maak;

(c) dat die geregistreerde billike gebruik bewys het, welke gebruik webwerwe kan insluit wat uitsluitlik as huldeblyk vir of vir billike kritiek op 'n persoon of besigheid bedryf word: Met dien verstande dat indien die domeinnaam (uitgesonderd die eerste- en tweedevlaksuffiks) identies is aan die merk waarin die klaer op regte aandring, sonder enige byvoeging, die bewyslas om aan te toon dat die domeinnaam nie 'n misbruikende registrasie nie, na die geregistreerde verskuif;

(d) dat die geregistreerde, ten einde kragtens regulasie 4(3) te slaag, die vermoede weerlê deur te bewys dat die registrasie van die domeinnaam nie 'n misbruikende registrasie is nie.

Keuse van verskaffer

6. 'n Klaer moet die verskaffer kies uit dié deur die Owerheid goedgekeur deur die geskil by daardie verskaffer in te dien op die wyse in hierdie Regulasies uiteengesit.

Inisiëring van geskil en aanstelling van beregter

7. Die prosedure uiteengesit in Hoofstuk III skryf die proses vir die inisiëring en voer van 'n geskil en vir die aanstelling van 'n beregter voor.

Betrokkenheid by geskille

8. Die Owerheid en tweedevlak-domeinadministrateurs mag nie deelneem aan die administrasie of voer van 'n geskil voor 'n beregter nie, behalwe soos uitdruklik ingevolge hierdie Regulasies vereis.

Beslissings

9. Die moontlike beslissings voortspruitende uit 'n geskil voor 'n beregter is beperk tot—

(a) in die geval van misbruikende registrasies, die van die hand wys van die geskil of die oordrag van die betwiste domeinnaam aan die klaer;

(b) in die geval van aanstootlike registrasies, die van die hand wys van die geskil of die skrapping van die domeinnaam en 'n verbod op registrasie in die toekoms;

(c) die van die hand wys van die geskil omdat die geskil 'n omgekeerde domeinnaamkaping uitmaak.

Kennisgewing en publikasie

10. 'n Verskaffer moet 'n beslissing ooreenkomstig die prosedure aan die partye kommunikeer en moet die beslissing aan die Owerheid verskaf vir publikasie op die Owerheid se webwerf.

Appèl, beskikbaarheid van hofverrigtinge, implementering van beslissing en herhaalgeskille

11. (1) Niks gedoen kragtens hierdie Regulasies verhoed gedingvoering in die Hoë Hof van die Republiek van Suid-Afrika deur enige party oor enige verwante aangeleentheid nie.

(2) Indien 'n beregter beslis dat 'n betwiste domeinnaam aan die klaer oorgedra moet word, moet die verskaffer die beslissing aan die tweedevlak-domeinadministrateur bekendmaak vir implementering soos beoog in regulasie 30(4).

(3) 'n Tweedevlak-domeinadministrateur moet die beslissing implementeer soos beoog in regulasie 30, tensy dit deur kennisgewing van mosie of dagvaarding wat die tweedevlak-domeinadministrateur as party dagvaar, onder die tweedevlak-domeinadministrateur se aandag gekom het dat enigeen van die partye 'n geding met betrekking tot die domeinnaam in die Hoë Hof van die Republiek van Suid-Afrika ingestel het.

(4) Indien die tweedevlak-domeinadministrateur verneem dat 'n regsgeding begin het, mag hy nie die beregter se beslissing implementeer nie, en die tweedevlak-domeinadministrateur doen geen verdere stappe nie totdat hy—

(a) bewys ontvang dat die geskil tussen die partye bygelê of geskik is;

(b) bewys ontvang dat die regsgeding afgewys of teruggetrek is; of

(c) 'n afskrif van 'n hofbevel ontvang.

(5) Indien 'n geskil by 'n vorige geleentheid beslis is, word dit, behoudens subregulasie (6), nie deur 'n beregter heroorweeg nie, en indien die beregter bevind dat

die geskil 'n hervoorlegging van 'n vroeëre geskil is, moet hy of sy die geskil afwys sonder om die meriete daarvan te oorweeg.

(6) Wanneer die beregter moet bepaal of 'n geskil 'n hervoorlegging van 'n vroeëre geskil is of 'n wesenlike onderskeid bevat wat die heraanhoor daarvan regverdig, moet hy of sy die vraag oorweeg of—

(a) die klaer, die geregistreerde en die domeinnaam in geskil dieselfde as dié van die vorige saak is;

(b) die kern van die geskil verband hou met handelinge wat plaasgevind het voor of ná die sluiting van voorleggings in die vroeëre saak;

(c) indien die kern van die geskil in verband staan met handelinge wat plaasgevind het voor die sluiting van voorleggings in die vroeëre saak, daar uitsonderlike gronde vir die heraanhoor of heroorweging bestaan, sonder aantasting van die integriteit van die proses van die alternatiewe geskilbeslegting;

(d) indien die kern van die geskil in verband staan met handelinge wat plaasgevind het ná die sluiting van voorleggings in die vroeëre saak, die handelinge waarop die opnuut ingediende geskil berus, nie wesenlik dieselfde is as die handelinge waarop die vroeëre geskil berus het nie.

(7) Behoudens regulasie 32 kan enigeen van die partye teen 'n beslissing kragtens hierdie Regulasies appelleer.

(8) 'n Appèlpaneel oorweeg appèlle op die grondslag van 'n volle hersiening van de aangeleentheid, en kan proseduresake hersien.

(9) Die Owerheid kan vrae oor die uitleg van hierdie Regulasies na die appèlpaneel verwys: Met dien verstande dat 'n beslissing gegee as gevolg van die Owerheid se verwysing nie enige vorige beslissing kragtens hierdie Regulasies raak nie.

(10) Die Owerheid moet die beslissings van die appèlpaneel op sy webwerf publiseer.

Oordragte tydens geskille

12. (1) 'n Geregistreerde mag nie 'n domeinnaamregistrasie oordra of skrap of weier om dit te hernu terwyl verrigtinge kragtens hierdie Regulasies aan die gang is nie, behalwe as gevolg van 'n skriftelike skikkingsooreenkoms wat die partye bereik het en nadat 'n afskrif van die skikkingsooreenkoms, deur albei partye onderteken, afgelewer is aan die verskaffer, wat toepaslike instruksies aan die tweedevlak-domeinadministrateur moet gee nadat hy of sy die geldigheid van die skriftelike skikkingsooreenkoms tussen die partye bevestig het.

(2) 'n Geregistreerde mag tegniese inligting, soos naambedieners, vir die domeinnaam bywerk, mits sodanige bywerkings nie lei tot die oordrag of skrapping van 'n domeinnaam wat die onderwerp van 'n geskil is nie.

(3) Wanneer 'n bywerking van tegniese inligting lei tot die oordrag of skrapping van 'n domeinnaam, is die geregistreerde aanspreeklik vir enige skadevergoeding wat voortspruit uit sodanige oordrag of skrapping indien die geregistreerde daarvan bewus was dat 'n geskil kragtens hierdie Regulasies ten opsigte van daardie domeinnaam ingedien is.

(4) Indien 'n tweedevlak-domeinadministrateur van 'n domeinnaamgeskil in kennis gestel word, moet hy stappe doen om te verseker dat die domeinnaam nie oorgedra of geskrap word in die loop van die geskil nie.

Presedente

13. (1) 'n Beregter moet vorige beslissings wat kragtens hierdie Regulasies gegee is (hieronder "nasionale beslissings" genoem), en beslissings deur buitelandse geskilbeslegtingsverskaffers (hieronder "buitelandse beslissings" genoem) in ag neem en hom of haar daardeur laat lei.

(2) 'n Beregter moet hom of haar deur die nasionale, buitelandse en internasionale reg laat lei.

(3) 'n Beregter moet in sy of haar beslissing volledige verwysings verskaf na die nasionale en buitelandse beslissings en die nasionale, buitelandse en internasionale reg wat hy of sy in ag geneem het.

Wysiging van reëls

14. Indien daar reeds op die reëls gesteun word deurdat 'n geskil by 'n verskaffer ingedien is, geld die weergawe van die reëls wat ten tyde van sodanige indiening van krag was, vir daardie geskil.

HOOFSTUK III
Prosedure vir Alternatiewe Geskilbeslegting

Kommunikasies

15. (1) Wanneer 'n geskil by 'n verskaffer ingedien word, moet hy of sy 'n afskrif van die geskil deurstuur aan die geregistreerde, wat geag word van die geskil in kennis gestel te wees wanneer die verskaffer—

(a) 'n harde kopie van die geskil gestuur het aan die geregistreerde se pos-, fisiese of faksadres soos aangegee op die betrokke tweedevlak-domeinadministrateur se WHOIS-databasis; en

(b) die geskil, met inbegrip van aanhangsels vir sover dit in sodanige formaat beskikbaar is, in elektroniese formaat per e-pos versend het aan die e-posadresse van die geregistreerde en sy of haar tegniese, administratiewe en faktureringskontakte.

(2) Die partye kan te eniger tyd die wyse kies waarop hulle by voorkeur kommunikasies van die verskaffer of ander partye wil ontvang deur die verskaffer skriftelik daarvan in kennis te stel.

(3) Wanneer hulle 'n kommunikasie versend, moet die partye en die verskaffer die volgende behou:

(a) bevestiging van versending, indien die kommunikasie per faks versend is;

(b) 'n kwitansie, indien die kommunikasie per geregistreerde pos of koerier gestuur is; of

(c) 'n rekord van versending, indien die kommunikasie elektronies versend is.

(4) 'n Kommunikasie aan die verskaffer of die beregter moet voldoen aan die verskaffer se aanvullende prosedure.

(5) Kommunikasies moet geskied in die taal voorgeskryf by regulasie 25 en e-poskommunikasies moet in normale teks wees.

(6) 'n Party moet sy kontakbesonderhede bywerk deur die verskaffer en die tweedevlak-domeinadministrateur skriftelik in kennis te stel binne drie dae ná enige verandering.

(7) Tensy die beregter die partye andersins in kennis stel, word 'n kommunikasie wat kragtens hierdie prosedure versend is, geag versend te wees—

(a) in die geval van versending per faks, op die datum aangegee op die bevestiging van versending;

(b) in die geval van versending per geregistreerde pos of koerier, op die datum aangegee op die kwitansie; of

(c) in die geval van elektroniese versending, op die datum waarop die kommunikasie versend is: Met dien verstande dat die versendingsdatum verifieerbaar is.

(8) Tensy anders vermeld, begin alle tydperke op, en word alle tydperke bereken vanaf, die aanvangsdatum van die geskil soos beoog in regulasie 17(2).

(9) By die versending van 'n kommunikasie—

(a) moet die beregter 'n afskrif van die kommunikasie aan die verskaffer stuur;

(b) moet die verskaffer 'n afskrif van die kommunikasie aan al die partye in die geskil stuur; en

(c) 'n party 'n afskrif van die kommunikasie aan die verskaffer stuur.

(10) Dit is die verantwoordelikheid van die afsender van enige kommunikasie om 'n rekord van die versending te behou.

Geskil

16. (1) Behoudens 'n verskaffer se aanvullende prosedure kan enige persoon 'n geskil inisieer deur die geskil in papiervorm, in drievoud en in elektroniese vorm, by enige goedgekeurde verskaffer in te dien: Met dien verstande dat die geskil aan hierdie Regulasies voldoen.

(2) Behoudens 'n verskaffer se aanvullende prosedure moet die geskil—

(a) versoek dat die geskil aan 'n beregter vir beregting voorgelê word;

(b) die naam, fisiese adres ('n *domicilium citandi et executandi* binne die Republiek van Suid-Afrika), e-posadres en die telefoon- en faksnommer van die klaer en van enige verteenwoordiger wat gemagtig is om namens die klaer in die geskil op te tree, verstrek;

(c) 'n wyse spesifiseer waarop stukke of kommunikasies, sowel in elektroniese as papiervorm, by voorkeur versend moet word;

(d) spesifiseer of een dan wel drie beregters die geskil moet beslis en spesifiseer hoe betaling van die vasgestelde gelde geskied het en vergesel gaan van bewys van betaling daarvan;

(e) besonderhede van die geregistreerde verskaf, met inbegrip van die naam en alle kontakbesonderhede van die geregistreerde sodat die verskaffer 'n afskrif van die geskil aan die geregistreerde kan versend soos beoog in regulasie 17(2);

(f) die domeinnaam of -name spesifiseer wat die onderwerp van die geskil is: Met dien verstande dat in die geval van meerdere name dieselfde geregistreerde die domeinname geregistreer het;

(g) die tweedevlak-domeinadministrateur identifiseer waarby die domeinnaam of -name geregistreer is ten tyde van die indiening van die geskil;

(h) in besonderhede die regte spesifiseer waarop die geskil berus, ten einde die beregter in staat te stel om tot 'n beslissing te geraak, en volledige besonderhede verstrek van die geregistreerde reg, indien die klaer op geregistreerde regte soos handelsmerkregte steun;

(i) in besonderhede redes verstrek waarom die domeinnaam in die hande van die geregistreerde 'n misbruikende registrasie of 'n aanstootlike registrasie of albei uitmaak, asook die regsmiddele wat gevra word;

(j) enige ander regsproses identifiseer wat in verband met enige domeinnaam wat die onderwerp van die geskil is, geïnisieer of beëindig is;

(k) verklaar dat die klaer hom of haar onderwerp aan die jurisdiksie van die Hoë Hof van die Republiek van Suid-Afrika;

(l) afgesluit word met die volgende verklaring en die handtekening van die klaer of sy of haar gemagtigde verteenwoordiger, afgelê as 'n eed of bevestiging voor 'n kommissaris van ede:

> "Die klaer sertifiseer dat die inligting vervat in hierdie geskil, na sy of haar beste wete sowel volledig as akkuraat is, dat hierdie geskil nie vir 'n onbehoorlike doel, soos om die geregistreerde te treiter, gebruik word nie en dat die bewerings in hierdie geskil geregverdig is kragtens hierdie Regulasies en toepaslike reg.

_____

Handtekening van klaer

Datum:
Plek:

Ek sertifiseer dat ek, voordat ek die eed/bevestiging afgeneem het, die verklaarder die volgende vrae gevra het en sy/haar antwoorde in sy/haar teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) Ken en verstaan u die inhoud van die verklaring?

Antwoord:

(ii) Het u enige beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed of bevestiging?

Antwoord:

(iii) Beskou u die voorgeskrewe eed of bevestiging as bindend vir u gewete?

Antwoord:

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan. Die verklaarder spreek die volgende woorde uit: "Ek verklaar onder eed dat die inhoud van

hierdie verklaring waar is, so help my God." / "Ek verklaar opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is". Die handtekening/merk van die verklaarder word in my teenwoordigheid op die verklaring aangebring.

_____

Kommissaris van Ede

Volle naam:

Ampstitel:

Gebied:

Amp *ex officio* beklee:

Sakeadres:

Datum:

Plek:";

(m) vergesel gaan van enige dokumentêre of ander bewyse, tesame met 'n skedule wat sodanige bewyse indekseer;

(n) vergesel gaan van enige bewyse wat in elektroniese vorm beskikbaar is;

(o) voldoen aan enige woordbeperking wat 'n verskaffer in sy of haar aanvullende prosedure stel.

Kennisgewing van geskil

17. (1) 'n Verskaffer moet toesien dat 'n geskil voldoen aan hierdie regulasies en dat die vasgestelde gelde betaal is.

(2) Indien die geskil aan hierdie Regulasies voldoen, moet die verskaffer 'n afskrif van die geskil, tesame met die verduidelikende dekblad voorgeskryf by die verskaffer se aanvullende prosedure, aan die geregistreerde deurstuur ooreenkomstig regulasie 15(1), en die datum beoog in daardie regulasie is die aanvangsdatum van die geskil.

(3) Indien die verskaffer vind dat die geskil nie aan hierdie Regulasies voldoen nie, moet hy of sy die klaer onmiddellik van die aard van die nievoldoening in kennis stel.

(4) Die klaer moet binne vyf dae enige nievoldoening regstel, by gebreke waarvan die geskil geag word teruggetrek te wees, wat slegs deur die indiening van 'n nuwe geskil reggestel kan word.

(5) Indien die verskaffer die vasgestelde gelde nie binne 10 dae ná ontvangs van die geskil ontvang het nie, word die geskil geag teruggetrek en beëindig te wees.

(6) Die verskaffer moet die klaer, die geregistreerde, die tweedevlak-domeinadministrateur en die Owerheid in kennis stel van die aanvangsdatum van die geskil, en wel op daardie datum.

Antwoord

18. (1) Binne 20 dae ná die aanvangsdatum van die geskil moet die geregistreerde 'n antwoord in in papiervorm, in drievoud en in elektroniese vorm by die verskaffer indien.

(2) Behoudens 'n verskaffer se aanvullende prosedure moet die antwoord—

(a) reageer op die verklarings en bewerings vervat in die geskil en besonderhede verstrek van enige gronde wat bewys dat die domeinnaam nóg 'n misbruikende registrasie, nóg 'n aanstootlike registrasie is, na gelang van die geval;

(b) die naam, fisiese adres ('n *domicilium citandi et executandi* binne die Republiek van Suid-Afrika), e-posadres en die telefoon- en faksnommer van die geregistreerde en van enige verteenwoordiger wat gemagtig is om namens die geregistreerde in die geskil op te tree, verstrek;

(c) 'n wyse spesifiseer waarop stukke of kommunikasies, sowel in elektroniese as papiervorm, by voorkeur versend moet word;

(d) indien die klaer 'n enkele beregter in die geskil gekies het, verklaar of die geregistreerde daarenteen verkies dat die geskil deur drie beregters beslis met word;

(e) enige ander regsproses identifiseer wat in verband met of betreffende enige domeinnaam wat die onderwerp van die geskil is, begin of beëindig is;

(f) afgesluit word met die volgende verklaring en die handtekening van die geregistreerde of sy of haar gemagtigde verteenwoordiger, afgelê as 'n eed of bevestiging voor 'n kommissaris van ede:

"Die geregistreerde sertifiseer dat die inligting vervat in hierdie antwoord, na sy of haar beste wete sowel volledig as akkuraat is, dat hierdie antwoord nie vir 'n onbehoorlike doel, soos om die klaer te treiter, verstrek word nie en dat die bewerings in hierdie antwoord geregverdig is kragtens hierdie Regulasies en toepaslike reg.

_____

Handtekening van geregistreerde

Datum:
Plek:

Ek sertifiseer dat ek, voordat ek die eed/bevestiging afgeneem het, die verklaarder die volgende vrae gevra het en sy/haar antwoorde in sy/haar teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) Ken en verstaan u die inhoud van die verklaring?

Antwoord:

(ii) Het u enige beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed of bevestiging?

Antwoord:

(iii) Beskou u die voorgeskrewe eed of bevestiging as bindend vir u gewete?

Antwoord:

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan. Die verklaarder spreek die volgende woorde uit: "Ek verklaar onder eed dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God." / "Ek verklaar opreg dat die inhoud van hierdie verklaring waar is". Die handtekening/merk van die verklaarder word in my teenwoordigheid op die verklaring aangebring.

_____

Kommissaris van Ede

Volle naam:

Ampstitel:

Gebied:

Amp *ex officio* beklee:

Sakeadres:

Datum:

Plek:";

(g) vergesel gaan van enige dokumentêre of ander bewyse, tesame met 'n skedule wat sodanige bewyse indekseer;

(h) vergesel gaan van enige bewyse wat in elektroniese vorm beskikbaar is; en

(i) voldoen aan enige woordbeperking wat 'n verskaffer in sy of haar aanvullende prosedure stel.

(3) Indien die geregistreerde nie 'n antwoord indien nie, moet die beregter die aangeleentheid beslis op grond van die geskil bedoel in regulasie 16(1).

Repliek

19. (1) Binne vyf dae ná ontvangs van die antwoord vanaf die verskaffer kan die klaer 'n repliek op die geregistreerde se antwoord by die verskaffer indien.

(2) Indien 'n repliek ingedien word, moet dit in papier- en elektroniese vorm geskied en voldoen aan die verskaffer se aanvullende prosedure.

(3) Ná verstryking van die vyf dae, maar hoogstens twee dae daarna, moet die verskaffer 'n beregter ooreenkomstig regulasie 20 aanstel.

Aanstelling van beregter en tydvasstelling vir beslissing

20. (1) Elke verskaffer moet 'n lys van beregters en hulle kwalifikasies wat vir die publiek beskikbaar is, in stand hou en publiseer.

(2) Indien die klaer of die geregistreerde nie drie beregters kies nie, moet die verskaffer, binne vyf dae ná ontvangs van die antwoord deur die verskaffer of ná verstryking van die tydperk vir indiening van die antwoord, 'n enkele beregter aanstel, wat volgens beurt die volgende beskikbare beregter op die lys beregters moet wees.

(3) Die gelde vir 'n enkele beregter ooreenkomstig regulasie 34 moet deur die klaer betaal word.

(4) Indien óf die klaer, óf die geregistreerde kies om die geskil deur drie beregters te laat beslis, moet die verskaffer drie beregters ooreenkomstig subregulasie (6) aanstel.

(5) Die gelde vir drie beregters moet deur die klaer betaal word, behalwe as die geregistreerde die keuse vir drie beregters uitgeoefen het, in welke geval die toepaslike gelde gelykop tussen die partye verdeel word.

(6) Indien die klaer of die geregistreerde kies dat die geskil deur drie beregters beslis moet word, moet die verskaffer volgens beurt die volgende drie beskikbare regters op sy lys beregters aanstel.

(7) Wanneer die beregter aangestel is, moet die verskaffer die partye in kennis stel van die beregter wat aangestel is en van die datum waarteen die beregter 'n beslissing aan die verskaffer moet verstrek.

Onpartydigheid en onafhanklikheid

21. (1) 'n Beregter moet onpartydig en onafhanklik wees en moet, voordat hy of sy 'n aanstelling aanvaar om 'n geskil te besleg, aan die verskaffer enige omstandighede bekendmaak wat die beregter se onpartydigheid of onafhanklikheid kan raak.

(2) Indien daar te eniger tyd gedurende die geskil omstandighede ontstaan wat 'n beregter se onpartydigheid of onafhanklikheid kan raak, moet daardie beregter onverwyld daardie omstandighede aan die verskaffer bekendmaak.

(3) Indien 'n beregter omstandighede bekendgemaak het wat sy of haar onpartydigheid of onafhanklikheid kan raak, moet die verskaffer bepaal of 'n alternatiewe beregter aangestel moet word.

Kommunikasie tussen partye en beregter

22. (1) Geen party of gemagtigde verteenwoordiger van 'n party mag met 'n beregter kommunikeer nie, behalwe ooreenkomstig hierdie Regulasies.

(2) Alle kommunikasies tussen 'n party en die beregter moet via die verskaffer gestuur word op die wyse bepaal deur die verskaffer se aanvullende prosedure.

Deursturing aan beregter

23. Die verskaffer moet die geskil, die antwoord en die repliek, as daar is, aan die beregter deurstuur sodra die beregter aangestel is.

Algemene bevoegdhede van beregter

24. (1) 'n Beregter moet toesien dat die partye gelyke behandeling geniet en dat elke party 'n billike geleentheid kry om sy saak te stel.

(2) 'n Beregter moet toesien dat die geskil so spoedig moontlik behandel word.

(3) 'n Beregter moet die toelaatbaarheid, toepaslikheid, wesenlikheid en gewig van die getuienis vasstel.

(4) 'n Beregter moet beslis oor 'n versoek van 'n party om veelvuldige domeinnaamgeskille ooreenkomstig hierdie Regulasies te konsolideer.

Taal van verrigtinge

25. (1) Tensy die partye anders ooreenkom, word die geskil en die antwoord in Engels opgestel.

(2) Indien 'n party 'n geskil of 'n antwoord in 'n ander amptelike Suid-Afrikaanse taal vermeld in artikel 6(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, as Engels wil indien, moet die verskaffer vir die vertaling daarvan op koste van daardie party reël en die verrigtinge opskort tot tyd en wyl hy die vertaling van die geskil of die antwoord ontvang.

Verdere verklarings

26. Die beregter kan, benewens die geskil, die antwoord en die repliek, verdere verklarings of dokumente wat op die geskil, die antwoord of die repliek betrekking het, van enigeen van die partye aanvra.

Beregting

27. Beregting sal geskied op die dokumente ingedien kragtens hierdie Regulasies en geen mondelinge betoë sal toegelaat word nie.

Verstek

28. (1) Indien 'n party enige van die tydperke wat deur hierdie prosedure of die beregter gestel word, nie nakom nie, moet die beregter voortgaan met 'n beslissing oor die geskil.

(2) Indien 'n party nie voldoen aan enige bepaling of vereiste van hierdie prosedure of aan enige versoek van die beregter nie, kan die beregter, by afwesigheid van uitsonderlike omstandighede, sodanige afleidings daaruit maak as wat hy of sy gepas ag.

Beregtersbeslissings

29. (1) 'n Beregter moet 'n geskil volgens regsbeginsels beslis op grond van die geskil, die antwoord en die repliek, as daar is, en sodanige verdere verklarings of dokumente as wat ooreenkomstig hierdie Regulasies ingedien word.

(2) Die beregter moet sy of haar beslissing oor die geskil binne 14 dae ná sy of haar aanstelling kragtens regulasie 20 aan die verskaffer deurstuur.

(3) Die beslissing moet skriftelik gegee word, die redes verstrek waarop dit berus, die datum vermeld waarop dit gegee is en die beregter by naam identifiseer.

(4) Indien drie beregters 'n geskil bereg, maak die ooreenstemmende menings van minstens twee beregters die beslissing uit.

(5) Indien een beregter 'n afwykende mening huldig, moet die beslissing ook van sodanige mening vergesel gaan.

(6) Beslissings en afwykende menings moet voldoen aan die riglyne vir lengte gestel in die verskaffer se aanvullende prosedure.

Kommunikering van beslissing aan partye

30. (1) Die verskaffer moet, binne drie dae ná ontvangs van die beslissing van die beregter, die volledige teks van die beslissing aan elke party en aan die Owerheid kommunikeer.

(2) Ná vyf dae nadat die partye en die Owerheid van die beslissing in kennis gestel is, moet die verskaffer die beslissing aan die tweedevlak-domeinadministrateur deurstuur.

(3) Ná ontvangs van die beslissing vanaf die verskaffer moet die tweedevlak-domeinadministrateur 'n verdere vyf dae wag voordat hy die beslissing implementeer.

(4) Die tweedevlak-domeinadministrateur moet die beslissing binne twee dae ná verstryking van die vyfdag-wagtydperk implementeer.

(5) 'n Beslissing moet volledig gepubliseer word, met uitsondering van dié dele wat die beregter beslis het vertroulik is.

Terugtrekking, skikkings of ander gronde vir beëindiging

31. (1) Indien 'n geskil, behoudens regulasie 17(3) en (4), geag word teruggetrek te wees, moet die verskaffer die vasgestelde gelde, minus enige administrasiekoste tot op datum aangegaan, aan die klaer terugbetaal.

(2) Indien die partye voor die aanstelling van 'n beregter op 'n skikking ooreenkom, moet die verskaffer, behoudens regulasie 12(1), die geskil beëindig en die vasgestelde gelde, minus enige administrasiekoste tot op datum aangegaan, aan die klaer terugbetaal.

(3) Indien die partye op 'n skikking ooreenkom nadat 'n beregter aangestel is maar voordat die beregter 'n beslissing gee, moet die beregter, behoudens regulasie 12(1), die geskil beëindig en die partye verbeur dan alle gelde wat tot op datum betaal is.

(4) Indien dit voordat die beregter se beslissing gegee word, onnodig of onmoontlik word om die geskil voort te sit, moet die beregter die geskil beëindig, tensy 'n party teen sodanige beëindiging beswaar aanteken.

(5) Indien die geskil beëindig word ooreenkomstig subregulasie (4), verbeur die partye alle gelde tot op datum betaal.

Appèl

32. (1) Enigeen van die partye het die reg om appèl teen 'n beslissing aan te teken deur 'n verklaring van voorneme om te appelleer in te dien saam met die appèlgelde waarvoor in regulasie 34(3) voorsiening gemaak word, wat binne 15 dae gevolg moet word deur 'n kennisgewing van appèl: Met dien verstande daar slegs teen 'n beslissing deur een beregter appèl aangeteken kan word en nie teen 'n beslissing deur drie beregters nie.

(2) 'n Verklaring van voorneme om te appelleer moet sodanige inligting bevat as wat dit duidelik sal maak dat 'n appèl aangevra word, maar moet nie die werklike gronde van of redes vir die appèl bevat nie.

(3) 'n Kennisgewing van appèl mag nie 1 000 woorde te bowe gaan nie en moet die gronde van en redes vir die appèl in besonderhede uiteensit.

(4) Die verskaffer moet die verklaring van voorneme om te appelleer of die kennisgewing van appèl, na gelang van die geval, aan die ander party deurstuur binne drie dae ná ontvangs van—

(a) die verklaring van voorneme om te appelleer en die appèlgelde; of

(b) die kennisgewing van appèl.

(5) Binne 10 dae ná ontvangs van die kennisgewing van appèl vanaf die verskaffer kan die ander party 'n antwoord op die kennisgewing van appèl by die verskaffer indien.

(6) 'n Antwoord op 'n kennisgewing van appèl mag nie 1 000 woorde te bowe gaan nie, en moet die gronde en redes waarom die appèl van die hand gewys behoort te word, in besonderhede uiteensit.

(7) Nadat 'n antwoord op 'n kennisgewing van appèl ingedien is of nadat die sperdatum om dit te doen verstryk het, moet die verskaffer 'n appèlpaneel van drie beregters aanstel.

(8) Die beregters op die appèlpaneel moet onpartydig wees en bestaan uit—

(a) die voorsitter van die verskaffer se groep beregters; en

(b) die volgende twee beskikbare beregters op die verskaffer se lys, aangestel volgens beurt.

(9) Die appèlpaneel mag nie enige nuwe getuienis in ag neem wat in 'n kennisgewing van appèl of 'n antwoord op 'n kennisgewing van appèl aangebied word nie, tensy hulle meen dat dit in belang van geregtigheid is om dit te doen.

(10) Regulasies 29 en 30 in *mutatis mutandis* van toepassing op appèlbeslissings, behalwe dat—

(a) appèlbeslissings binne 20 dae nadat die laaste beregter aangestel is, deur die appèlpaneel aan die verskaffer gelewer moet word;

(b) appèlbeslissings nie kragtens hierdie Regulasies vir verdere appèl vatbaar is nie.

Uitwerking van hofverrigtinge

33. (1) Indien 'n regsgeding gedurende 'n geskil ingestel word ten opsigte van 'n domeinnaam wat die onderwerp van die geskil is, moet die beregter die geskil onmiddellik opskort.

(2) Indien 'n party gedurende 'n geskil 'n regsgeding inisieer, moet hy of sy die beregter en die verskaffer onverwyld ooreenkomstig hierdie Regulasies in kennis stel.

Gelde

34. (1) 'n Klaer moet vasgestelde gelde ten bedrae van R10 000 aan die verskaffer betaal vir een beregter soos beoog in regulasie 20(3) of vasgestelde gelde ten bedrae van R24 000 vir drie beregters om die geskil te beslis, indien die klaer verkies dat die geskil deur drie beregters beslis moet word.

(2) Indien 'n geregistreerde kragtens regulasie 18(2)*(d)* verkies dat die geskil deur drie beregters beslis moet word in plaas van een beregter soos deur die klaer verkies, moet die geregistreerde en die klaer die verskaffer vasgestelde gelde ten bedrae van R12 000 elk betaal

(3) Die appèlgelde vir 'n appèl kragtens regulasie 32 is vasgestelde gelde ten bedrae van R24 000

(4) 'n Klaer of 'n geregistreerde kan die Owerheid skriftelik nader om finansiële bystand om 'n geskil in te stel of te verdedig, welke bystand na goeddunke deur die Owerheid oorweeg kan word met inagneming van die finansiële middele van die klaer of die geregistreerde.

(5) By ontvangs van die gelde vereis ingevolge hierdie regulasie moet die verskaffer onmiddellik 10% van die gelde aan die Owerheid oorbetaal en die Owerheid moet sodanige gelde uitsluitlik vir die befondsing van ander klaers en geregistreerdes wat finansiële bystand aanvra, aanwend.

Uitsluiting van aanspreeklikheid

35. 'n Tweedevlak-domeinadministrateur is nie aanspreeklik teenoor 'n party vir enige handeling of versuim in verband met enige verrigtinge kragtens hierdie Regulasies nie: Met dien verstande dat sodanige tweedevlak-domeinadministrateur die beslissing ná sodanige verrigtinge geïmplementeer het.

Prosedurewysigings

36. Indien daar reeds op die prosedure gesteun word deurdat 'n geskil by 'n verskaffer ingedien is, geld die weergawe van die prosedure wat ten tyde van sodanige indiening van krag was, vir daardie geskil.

HOOFSTUK IV
Akkreditering van Verskaffers

Aansoekprosedure

37. 'n Aansoeker om akkreditasie as 'n verskaffer moet 'n aansoek daarom by die Owerheid indien.

Aansoek

38. (1) 'n Aansoek moet die volgende bevat:

(a) 'n Oorsig van die aansoeker se vermoëns en agtergrond in die lewering van dienste ten opsigte van alternatiewe geskilbeslegting, met inbegrip van die aansoeker se vorige prestasies in die hantering van die klerklike aspekte van bespoedigde alternatiewe geskilbeslegtingsverrigtinge, as daar is;

(b) 'n lys van die name en kwalifikasies van die beregters wat die aansoeker beoog om op sy gepubliseerde lys in te sluit, 'n beskrywing van die keuringsvereistes wat die aansoeker gebruik het om die beregters te keur wat op sy lys ingesluit gaan word, en 'n aanduiding of die aansoeker voornemens is om uitsluitlik beregters te gebruik wat inwoners of burgers van die Republiek van Suid-Afrika is;

(c) 'n beskrywing van die opleidings- en onderrigmaatreëls wat die aansoeker beoog om vir gelyste beregters aan te wend met betrekking tot domeinnaamgeskille en hierdie Regulasies;

(d) 'n onderneming deur die aansoeker om nie enige van sy beregters te verhoed of te ontmoedig om as beregters vir ander verskaffers op te tree nie;

(e) 'n afskrif van die aansoeker se voorgestelde aanvullende prosedure, as daar een is;

(f) dokumentasie rakende die aansoeker se voorgestelde interne bedryfsprosedures, wat die Owerheid vertroulik moet hou, indien daartoe versoek;

(g) 'n voorgestelde skedule van die aansoeker se implementering van sy program vir die administrasie van geskille kragtens hierdie Regulasies, met inbegrip van 'n verklaring van die aansoeker se administratiewe vermoë wat betref die aantal geskille geïnisieer op 'n maandelikse grondslag;

(h) 'n verklaring van enige aangevraagde beperking op die aantal geskille wat die aansoeker kan hanteer, hetsy gedurende die vestigingstydperk of permanent;

(i) 'n beskrywing van hoe die aansoeker beoog om geskille te administreer, met inbegrip van die interaksie met die partye in die geskil, tweedevlak-domeinadministrateurs, die Owerheid en ander goedgekeurde verskaffers; en

(j) 'n beskrywing van hoe die aansoeker beoog om beslissings van beregters in geskille wat hy administreer, te publiseer en 'n verbintenis om

die Owerheid te voorsien van afskrifte van alle beslissings van beregters wat nie gepubliseer word nie.

(2) In die algemeen moet die Owerheid die aansoeke ondersoek om te bepaal of 'n aansoeker die vermoë aangetoon het om verrigtinge in 'n bespoedigde, aanlyn konteks op 'n ordelike en billike wyse te hanteer.

(3) 'n Aansoeker moet—

(a) 'n bewese rekord van die bevoegde hantering van die klerklike aspekte van die prosedure en die administratiewe vermoëns hê, of moet 'n gedetailleerde plan vir die voorsiening van daardie vermoëns verskaf;

(b) 'n lys voorstel van minstens vyf hoogs gekwalifiseerde, neutrale persone uit die openbare en die private sektor wat deskundiges in intellektueelgoedere-, handels-, kulturele, taal-, godsdienstige en persoonlike regte is en ingestem het om as beregters op te tree;

(c) toon hoe hy sal toesien dat die gelyste beregters opgelei word met betrekking tot hierdie Regulasies, die tegnologie van domeinname, en die regsbeginsels van toepassing op domeinnaamgeskille;

(d) verklaar of hy beoog om uitsluitlik van beregters wat inwoners of burgers van die Republiek van Suid-Afrika is, gebruik te maak;

(e) vertroudheid met die meganismes en prosedures van internasionale domeinnaam-geskilbeslegting en buitelandse beslissings aandui, en aandui hoe hy beoog om hieruit te put ten einde 'n internasionale norm te stel vir 'n proses wat eie aan die Republiek van Suid-Afrika is;

(f) in sy aanvullende prosedure aantoon dat hy hierdie Regulasies begryp; en

(g) toon dat sowel die aansoeker as sy paneel beregters verteenwoordigend is van vroue, gestremdes en histories benadeelde individue, waar verteenwoordigendheid ook beoordeel sal word ooreenkomstig die Goeiegebruikskodes vir Breë Swart Ekonomiese Bemagtiging gepubliseer deur die Departement van Handel en Nywerheid, soos van tyd tot tyd gewysig of vervang.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531